

'n Gripen-vegvliegtuig bokant Krygkor se hoofkantoor wat ook die weermag se hoofkwartier huisves.

Foto: REG CALDECOTT

Ondersoek gelas na Krygkor-geld

■ Lekota wil weet of miljoene na staat of individue gaan

Erika Gibson

Die minister van verdediging, mnr. Mosiuoa Lekota, het 'n ondersoek na moontlike onreëlmatige oorbetalings van miljoene rande se huurgeld tussen die departement van verdediging, Krygkor en die departement van openbare werke gelas.

Brig.genl. Bobo Moerane, direkteur van geriewe en ondersteuningsbestuur, het gister gesê sekere teenstrydighede met die bestuur van die eiendom het in 'n ondersoek, wat sedert 2003 aan die gang is, aan die lig gekom.

"Die minister het onlangs alle oorbetalings van huurgeld vir die Krygkor-hoofkantoorgebou, wat ook die Verdedigingshoofkwartier huisves, stopgesit. Die ondersoek moet nou bepaal of die betalings in die staatskoffer beland het of in die sakke van sekere individue.

"Sou dit toon dat dit in 'n staatsdepartement se koffers inbetaal is, hou die ondersoek op want een staatsdepartement kan nie 'n ander hof toe neem nie. Sou dit blyk dat individue daarby gebaat het, sal hy of hulle vervolg word," het Moerane gesê.

Volgens hom behoort Krygkor in werklikheid aan die departement van verdediging. In die vroeë 1990's is die "bates" van Krygkor en Denel verdeel, met Denel wat onder die departement van openbare ondernemings funksioneer en Krygkor onder die departement van verdediging.

Toe die Krygkor-hoofkantoorgebou in 1992 voltooi is, is besluit dat die weermag sy hoofkwartier in die een helfte van die gebou sou huisves, terwyl Krygkor die res van die gebou beset het.

Die bruikhuurooreenkoms tussen die weermag en Krygkor het volgens hom in 2003 verval en 'n hernuwing daarvan moes onderhandel word. Dit is toé dat vrae opgeduik het en 'n ondersoek gelas is.

Dit is ná dié ondersoek se bevindings dat Lekota onlangs besluit het om alle betalings te staak. Volgens Moerane is daar moontlik sprake van dubbelbetalings wat miljoene rande kan beloop.

Na verneem word, betaal die departement van verdediging sowat R2,4 miljoen aan huur per maand. Volgens Moerane blyk dit dat daar minstens vir twee jaar dubbele betalings plaasgevind het.

Dié bedrag kan dus meer as R115 miljoen beloop. Die gebou se boekwaarde is volgens Moerane vir verrekeningsdoeleindes sowat R15 miljoen.

Volgens Moerane word die ondersoek gedoen deur die Militêre Polisie se spesiale ondersoekeenheid.

■ **egibson@beeld.com**